Afdeling C:

(a) Kandidate het oor die algemeen beter gevaar omdat hulle ook die instruksies gelees het.
(b) SG-kandidate berei twee boeke voor, maar doen Vraag 1 en Vraag 2 van slegs EEN van die twee boeke.
(c) Skryf die BOEK se TITEL langs die vraag se nommer, bv.Umbuzo 1: Iholide ebiweyo OF Umbuzo 2: UNgodongwana.
(d) Die antwoorde op paragraafvrae (Vraag 2) moet 'n lengte van 40 – 60 woorde beslaan en ten minste vyf relevante feite moet in goeie volsinne weergegee word. Dit moet 'n beskrywing van 'n mens se rol of 'n gebeurtenis wees.
(e) By Umbuzo 2 moet paragrawe i.p.v. 'n lys feite gegee word. Die meeste kandidate blyk te verstaan hoe hulle hierdie antwoorde moet skryf.
(f) Haal **drie woorde** aan indien **drie** gevra word, anders word punte afgetrek.Gebruik aanhalingstekens.
(g) HG-kandidate het *UNgodongwana* baie goed geken. SG-kandidate by een of twee groot sentrums se Xhosa-taalvermoë was baie swak. Hulle het nie die vrae oor beide boeke verstaan en dus ook nie beantwoord nie. Opvoeders sal hieraan aandag moet gee.
(h) Kandidate moet aandag gee aan basiese grammatikareëls, veral die gebruik van onderwerpskakels, voorwerpskakels, besitskakels en ander basiese grammatikastrukture, bv

1 **Uli**phakathi l**ika**Jobe.
2 **E**bhank**ini**.
3 Bahambe **nge**moto/**ngo**loliwe.
4 Babhatala **nge**tsheki.
5 Kwavela isele **eli**bi.
6 **Alilola**khe (ikhadi).

(i) Kandidate kan oor die algemeen nie opeenvolgende werkwoorde (die Subjunktiefmodus) gebruik nie, bv. Waya kuJobe **wamxelela** ngokubhunga kwabantwana bakhe.
Baza kumbulala bamsus**e** emhlabeni.

(ii) Afdeling D

(a) Kandidate moet al die begripstoetse doen.
(b) Sommige HG-kandidate het hier ook baie goeie werk gelewer alhoewel baie kandidate gesukkel het met die tweede begripstoets waar hulle die strokiesprent moes interpreteer. Baie SG-kandidate van twee of drie groot sentrums kon eenvoudige vrae nie verstaan nie – wat dui op 'n gebrekkige voorbereiding. Bv. Injani imozulu eKapa? [Kuyabanda/...) UJohn uyintoni ecaweni? [Uligosa.] Kutheni intsimbi ikhala nje? [YiCawa./Kungena icawa.]
(c) D **4.6** Verbasend baie kandidate kon nie die woord vir *slagter* [**unosilarha**] en *hardloper* [**imbaleki**] verskaf nie. Dis alledaagse woorde.
(c) Punte word afgetrek vir direkte aanhalings uit die leesstuk. Indirekte rede moet gebruik word.
(d) Gebruik eie woorde, tensy 'n aanhaling gevra word.
D 3.7 Lafuna ingaba ngumhlobo walo, ilivumele ukutya nokulala kunye nayo.